# Hoofstuk van die dag: 1 Samuel 16

> *Die Here kyk nie na dieselfde dinge as die mens nie. Die mens kyk na die uiterlike, maar die Here na die innerlike. (vers 7)*

Samuel maak dieselfde fout as wat ons dikwels doen. Ons

beoordeel mense op uiterlike dinge: voorkoms, status, rykdom, invloed … In die fliek “Fiddler on the roof” sing Tevye: “If I were a rich man … When you’re rich, they think you really know!” Dis hoe mense nog altyd was. Wat jy het, tel meer as wie jy is.
God is nie so nie. Hy voel Hom dikwels tuis by die nederiges, die geringes, die eenvoudiges, die armes. Daarom word Jesus groot in ’n eenvoudige huis in Nasaret, ver weg van die vernames en rykes en invloedrykes van sy dag. Jesus het gesê (Luk 6:20): “Geseënd is julle wat arm is …” en erken dat Hy nie eers ’n plek het wat Hy sy eie kan noem nie (Luk 9:58). ’n Geleende donkie was vir Hom goed genoeg toe Hy Jerusalem inkom vir sy laaste Paasfees (Luk 19:28-40).
Die man na God se hart (1 Sam 13:14) was nie so imposant soos Saul nie. Sy pa Isai was ook nie skatryk soos Kis nie. Maar Dawid se hart was op die regte plek. Hy het die Here liefgehad.

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026